

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 6

Lees: Fil.1:12-26

Teks: Fil.1:21 (Fil.reeks nr.6)

Datum: 19 Januarie 2014

Psalms: 45:1,2; Ps.19:4; 31:5,12; 45:9,12,16

1. Inleiding:

Ons besin vandaag oor **die sin van ons lewe**. Wat gee aan ons lewens sin en betekenis?

Maar ek wil nie alleen stilstaan by die sin van ons lewe nie. Ek wil ook met u oordink: **die sin van ons sterwe!**

Ja, dit vind u miskien vreemd, nie waar nie? Ons kan nog verstaan dat ons lewe sin het. 'n Mens kan immers nog leef vir 'n ideaal, vir 'n hoër pos of vir iemand wat ons lief het. Maar wat is die sin van ons sterwe? Is dit nie die einde van alles nie?

En tog is vir die apostel Paulus beide lewe en sterwe so uitermate sinvol. Want in ons teks gaan dit vir hom juis om:

1. die sin van ons lewe; **én**
2. die sin van ons sterwe.

Ons let op die eerste:

2.1. die sin van ons lewe

Wat is die sin van **u** lewe? Dink u nog na oor die vraag: Waarvoor leef ek eintlik?

Mense soek die sin van hulle lewens in verskillende rigtings. *Sommiges* soek dit in hulle werk: Hulle voel as hulle nog kan werk, het hulle lewe sin. Dan beteken hulle immers nog iets. *Ander* soek dit in die vervulling van 'n ideaal, in die bereik van die hoë pos waarna hulle lewenslank gestreef het. *Ander weer* vind die sin van hulle lewe in 'n lewensmaat, in hulle gesin, in 'n geliefde. Dit gee hulle lewe sin en betekenis om vir dié mense te werk. *Nog mense* vind dit in hulle ontspanning: in 'n stokperdjie of in 'n sport wat hulle graag beoefen.

U sal sekerlik met my saamstem : Dit wat ons lewe sin gee, dit gee ons ook blydskap. Watter mens wil nie bly en gelukkig wees nie? Daarom soek ons na dit wat ons lewensvreugde verskaf. En die een soek dit hier, die ander soek dit daar.

Maar nou 'n ernstige vraag: Wat gebeur as u dit wat aan u lewe sin verskaf, verloor? Ek bedoel maar: as u lewensmaat wegval of as u u werk verloor of as u nie die pos kry waarvoor u u lewe lank gemik het nie. Of gestel u verloor u gesondheid en u kan nie meer doen wat u wil nie, het u lewe dan nog sin? Of verloor die lewe dan sy betekenis, sy glans en sy vreugde vir u?

Ek dink die apostel Paulus het in so 'n posisie gekom. Ek bedoel maar: hy het sy vryheid verloor. Sy lewe lank het hy kruis en dwars oor die Romeinse ryk getrek en die evangelie verkondig. Daar was niks wat vir hom heerliker was as dit nie. Niks het hom blyer as dit gemaak nie. Maar nou het God 'n punt daaragter gesit, want die apostel is in die tronk gesit. Skynbaar het hy dus alles verloor.

Wat is dan Paulus se reaksie? Gooi hy dan sy hande moedeloos in die lug op? Roep hy dit uit: waarvoor leef ek eintlik? Watter sin het my bestaan nog? Nee, dit doen hy nie. Intendeel, hy bely: "...vir my is die lewe Christus". Dink u dit in: dit skryf die apostel terwyl hy in die gevangenis is. En tog juig hy: ook nou is my lewe nog uitermate sinvol. WANT vir my is die lewe Christus. Want ook hier kan ek leef vir Hom, ook hier kan ek getuig van Hom, ook hier kan ek werk vir Hom, ook hier kan ek ander na Hom toe trek. Ja, hier kan ek die wagte wat oor my bewaak vertel van Hom wat die weg en die waarheid en die lewe is.

'n Predikant het eenmaal by 'n ou vroultjie gekom. Sy was bedlêend. Sy kon niks meer doen nie. Sy kon self nie meer kerk toe gaan nie. Maar weet u wat was haar antwoord aan die predikant? Dominee, ek kan nog *baie* doen. Ek kan nog bid: bid vir my kinders, bid vir die gemeente, bid vir

die wêreld. *Vir haar was die lewe Christus!* Christus het haar lewe sin gegee. Want sy kon nog hande vou. Sy kon bid vir die uitbreiding van sy koninkryk.

'n Besinning op die sin van die lewe, so kan ons hierdie teks van ons noem. Paulus besin sekerlik nie net op die sin van sy lewe daar in die tronk nie, maar hy laat sy blik gaan oor sy hele lewe en dan kom hy tot die gevolgtrekking: **VIR MY IS DIE LEWE CHRISTUS!** Maar ons moet nog meer sê. Paulus skryf hierdie brief onder inspirasie van die Heilige Gees. Daarom is dit God self wat ons hier wys op die sin, op die hoogste doel van ons lewe: dit is Christus!

Om te weet wat Paulus met hierdie sin bedoel, moet ons na die volgende vers, vers 22, gaan kyk. Daar wei die apostel verder uit op die lewe en met name op die betekenis van die lewe: lewe beteken naamlik vir hom "vrugbare arbeid" ter wille van die Filippense. Lewe beteken vir hom aktiwiteit. Dit beteken vir hom geleentheid om die eer en die heerlikheid van Christus te verkondig, dat Christus gepreek kan word. Dit is waarom hy in hierdie lewe wil bly: hy wil so graag aan ander die blye boodskap van Christus verkondig.

Is dit ook vir u die sin van die lewe? Om ander van Christus te vertel?

Paulus het Christus gesien op weg na Damaskus. Daar het hy Hom liefgekry met 'n alles oorweldigende liefde. Van daardie dag af het alle ander dinge vir die apostel op die agtergrond geskuif. Toe was daar maar Een wat vir hom belangrik was: Christus, die Seun van God, sy Saligmaker, sy Koning en sy God.

Maar nie net Paulus het Christus gesien nie. **U sien Hom ook**. Ja, ons sien Hom in die Bybel, in die Evangelie! Ons sien Hom met die oog van die geloof. Daar, in die Woord, word Hy aan ons vertoon. Daar sien ons Hom in sy ontsaglike groot liefde vir ons: "...die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my gegee het" (Gal.2:20). In die Evangelie sien ons sy kruis: die hoogste bewys van sy liefde. Hoe moet die wonder van die kruis ons nie dring tot wederliefde nie. Dit moet ons hart aan die brand steek van liefde vir ons Heiland en ons Saligmaker.

As ons eers onder die indruk gekom het van sy liefde, sal ons - net soos Paulus - nie anders kan nie as om te sê: vir my is die lewe Christus. Nou wil ek niks liever doen as om vir Hom te leef en te werk en om ander van Hom te vertel nie.

Vroeër, voor sy bekering, het die apostel hom toegelê op wetsonderhouding. Hy het alles op alles gesit om deur sy goeie werke in die regte verhouding tot God te kom. Dit het hy as wins beskou, maar toe hy Christus leer ken het en die krag van sy opstanding, het hy daardie dinge nie as wins

nie, maar as skade begin ag en prysgegee om Christus en sy volmaakte soenverdienste as wins te verkry.

Maar ons kom by die tweede punt van ons oordenking:

2.2. die sin van ons sterwe

En ons het gehoor: die sin van die lewe is Christus. Maar dit is nou die verrassende: nie alleen die lewe is vir Paulus Christus nie. OOK DIE STERWE IS VIR HOM CHRISTUS!

Want in ons teks sê die apostel: "vir my is die sterwe wins". En in v.23 - wat ons as 'n kommentaar op ons teks kan beskou - daar sê hy **waarom** die sterwe vir hom wins is, want hy verklaar: sterwe beteken "om heen te gaan en met Christus te wees". Christus maak die dood vir hom sinvol. Christus maak die sterwe vir hom winsgewend.

Die woord wat Paulus in v.23 gebruik vir **heengaan** – "ek het verlang om heen te gaan en met Christus te wees" - dit is eintlik 'n baie interessante woord. Die woord word op twee verskillende maniere vertaal, maar uiteindelik verskil die twee nie werklik nie: 'n Eerste groep vertalers sê: die woord "heengaan" beteken "*om die anker te lig*". Die beeld wat hier voor ons oë opgeroep word, is die van 'n skip wat uit 'n hawe vertrek. Met ons doodvertrek ons uit die hawe van hierdie wêreld na die hawe van die ander wêreld. Sterwe beteken om die skip te bestyg en om oor te vaar na die land van volle saligheid.

'n Tweede groep Bybeluitleggers voel dat ons by hierdie woord "heengaan" eerder moet dink aan die beeld van 'n *tent wat afgebreek word en 'n reis wat voortgesit word*. Dit is miskien 'n beeld wat beter pas in die denke van Paulus, want ook êrens anders, in 2 Kor.5:1, gebruik hy dit. Daar sê hy : "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele". Trouens, ook die apostel Petrus gebruik daardie beeld wanneer hy in sy tweede brief sê: "... ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is ..." (1:13-14).

Die ideë van hierdie wêreld as 'n tentwoning - dit was 'n tipiese Joodse siening: Die gedagte was: Hierdie wêreld is 'n tydelike wêreld, 'n wêreld waar jy in tente leef; daar is geen permanente geboue hier nie. Dood beteken om die tent af te slaan en na 'n permanente woning te verhuis. SO sien Paulus dus die dood: as 'n vertrek van hierdie wêreld na 'n ander een.

Maar dit is nie al nie. Wat vir Paulus hierdie vertrek so sinvol en so winsgewend maak, is dat hy dan "*met Christus*" sal wees. Daarna verlang hy en juis dit, om by sy Heiland te wees, beskryf hy as "*verreweg die beste*".

Dieselfde gedagte kry ons ook in die eerste brief van Paulus aan die Thessalonicense. Daar het hy dit oor die wederkoms van Christus. En dan eindig die apostel sy beskrywing van daardie o so 'n heerlike gebeurtenis met die woorde: "En so sal ons altyd by die Here wees" (4:17). Dit is die toppunt van ons saligheid: dat ons as die bruid van die Here vir altyd by ons hemelse Bruidegom, by Christus, sal wees.

Ja, want die bruidsgemeente, die kerk, verlang nie in die eerste plek na die hemelse heerlikheid, omdat alles daar so mooi en volmaak sal wees nie. Ons verlang nie in die vernaamste plek na die Nuwe Jerusalem, omdat ons so graag die goue strate en die pêrelpoorte daarvan wil sien nie. Ons hunker nie in die eerste plek na die hemel, omdat daar geen siekte en geen dood, omdat daar geen tranes en verdriet meer sal wees nie. Ons verlang nie in die vernaamste plek daarna, omdat ons dan met ons ontslape dierbares herenig sal word nie.

Maar dit gaan vir ons daarom: "Dan sal ons altyd by die Here wees". Dit is die hoogste geluk van die bruid: dat sy by haar Bruidegom mag wees.

Ook in die gewone lewe gaan dit tog nie vir die bruid om die mooi huis en die motor wat sy gaan kry as sy eers getroud is nie. Nee, sy sien uit na die bruilof, omdat sy dan vir altyd by haar bruidegom sal wees. Sonder hom is al daardie ander dinge niks werd nie. Want wat is 'n pragtige woning tog sonder haar geliefde?

En so moet dit nou ook met ons wees. Ons hoogste geluk in die Nuwe Jerusalem moet en sal daarin bestaan: "En so sal ons altyd by die Here wees". Dit is wat die hemel so hemels heerlik sal maak: dat ons vir ewig, sonder ophou, vir altyd by ons Bruidegom sal wees, by ons Here Jesus Christus. Daar is niks heerliker, niks volmakter as dit nie.

En bedink nou daarby: die begin van daardie hoogste geluk smaak diegene wat in die Here ontslaap het, **NOU ALREEDS!** Ons hoef nie daarvoor te wag tot met die wederkoms nie. Nee, reeds met ons sterwe breek die groot oomblik aan. Want leer Paulus ons dit nie? In ons teks sê hy immers: die sterwe is wins. En sterwe beteken: om met Christus te wees.

En is dit alles nie ook die onderrig van die Heidelbergse Kategismus nie? Want hoor maar wat sê daardie *troosboekie* vir ons: dat ons siel na hierdie lewe, met ons sterwe dus, *dadelik*, tot Christus,

ons Hoof, opgeneem word (H.K., antwoord 57). En as Jesus weerkom, sal "ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die verheerlikte liggaam van Christus gelykvormig sal word". Dit is vir die Kategismusleermeester so groot, dat hy dit net met woorde uit die Skrif self kan beskryf: Want, sê hy in die woorde van 1 Kor.2:9, na hierdie lewe, sal ons 'n saligheid besit, wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekrom het nie (H.K., antwoord 58). Onbeskryflik heerlik, dus!!

Vir die wêreld is die dood 'n sinnelose gebeurtenis. Vir hulle is dit immers die einde van alles. Vir ons daarenteen is dit die begin van die volle saligheid.

3. Slot

Christus is die sin van ons lewe en die sin van ons sterwe. Hy gee waaragtig sin aan ons lewe aan hierdie sy van die graf; Hy is ook die sin van ons lewe aan die ander sy van die doodsjordan. As u in Hom glo, het u lewe én u dood ryk betekenis. Dan kan u lewe met blydschap en sterwe met blydschap.

AMEN